**Sondag 9 Julie**
**Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Romeine 8:29, 30**
**God gee ’n bevrydende en heerlike toekoms waarna ons kan uitsien, ten spyte van die skepping wat ook deur die sonde geraak word**

Die hele skepping ly saam met die mens onder die sondevloek wat die mens oor homself gebring het. Ons omstandighede ly onder dieselfde krisis. Die hele skepping sien uit, met gespanne spier, om die verligting en die heerlike toekoms te sien kom wat aan ons beloof is. Paulus herinner die gelowiges, hier in hierdie lyding wat hulle verduur en wat die skepping verduur, dat daar wel ’n heerlike uitkoms is. ’n Bevryding wat die mense sal beleef. ’n Toekoms van bevryding en heerlikheid. Dieselfde heerlikheid wat ons sien in die wese van Christus, in die identiteit van Christus.

Christus het vir ons die heerlike en bevrydende toekoms bewerk met sy lyding, kruisiging en sy dood. Met sy opstanding het Hy dit vir ons bevestig. Hy dit vir ons moontlik gemaak om na hierdie bevrydende toekoms te kan uitsien en in volle verwagting daarna te streef. God laat alles vir ons ten goede meewerk, ongeag die skepping en ons omstandighede wat onder die sonde ly. Selfs die slegte wat ons beleef in ons lewe – beproewings en uitdagings. Paulus herinner die gelowiges dat hulle uitgekies is deur God om ’n volk vir Hom te wees, en Hy skenk dus deur sy Gees ook aan hulle die opgewondenheid om nou al reeds in hulle toekomstige identiteit te kan lewe. Alleenlik omdat die Heilige Gees dit ook in hulle bewerk.

Ons hoef nie in hierdie situasie, en in die skepping wat beïnvloed is deur die sonde, te fokus op ons lyding en swaarkry nie. God gee ons ’n bevrydende en heerlike toekoms deurdat Hy ons uitgekies het om gelyk te word aan Christus. Terwyl ons nou hierdie nuwe identiteit het, kan ons lewe sodat ons met gespanne spier saam met die skepping kan uitsien na dit wat kom. So kan die sonde wat ook die skepping raak, ons nie van koers af gooi nie, omdat ons nie vaskyk in ons omstandighede nie, maar in die heerlikheid en bevryding wat Christus vir ons, die uitverkorenes, bied.

*Sing: Psalm 33-1:5, 6*
*Ds. EA Venter (Erasmus) (Okahandja)*